- (8) The audit committee must prepare, sign and submit to the Board, within 15 days of the end of each quarter, a report in respect of the operations, including the income and expenditure of the Entity in respect of the preceding quarter.
- (9) The Entity must, when requested, in accordance with section 115(b) of the Constitution, report to the Provincial Legislature or any of its committees on any matter pertaining to its functions.

Appropriation of income and property

25. The moneys appropriated by the Provincial Legislature to the Entity as contemplated in section 23, must be utilized in accordance with such appropriation and all other income, property and profits of the Entity must be utilized exclusively for the achievement of its objects and in accordance with the provisions of this Act.

Procurement

26. (1) When procuring any supply or service, or hiring or letting anything or acquiring or granting any right or acquiring or disposing of any asset for or on behalf of the Entity as contemplated in section 4, the Board must ensure that such procurement is effected in accordance with, and duly complies with -
- (a) the regulations made or instructions issued by the National Treasury in respect of an appropriate procurement and provisioning system which is fair, equitable, transparent, competitive and cost-effective as contemplated in section 76(4)(c) of the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999);
 - (b) the instructions issued by the Provincial Treasury as contemplated in section 18(2)(a) of the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999), in respect of an appropriate procurement and provisioning system which is fair, equitable, transparent, competitive and cost-effective;

- (c) the appropriate procurement and provisioning system which is fair, equitable, transparent, competitive and cost-effective as established by the Board, as contemplated in section 51(1)(a)(iii) of the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999); and
 - (d) the Preferential Procurement Policy Framework Act, 2000 (Act No. 5 of 2000).
- (2) The Board must adopt, within six months after the coming into operation of this Act, a procurement system consistent with subsection (1), which procurement system must be utilized for the procurement of all supplies, goods and services, as well as the disposal of supplies and goods by the Entity.

CHAPTER VI GENERAL MATTERS

Prohibition of use of name and brand of the Entity

27. No person, company or association of persons may carry on business under a name or use the brand that is the same as or so closely resembles that of the Entity that it is reasonably likely to deceive.

Regulations

28. (1) The responsible Member may make regulations regarding -
- (a) any matter pertaining to the Board;
 - (b) conditions of service of staff of the Entity;
 - (c) the limitation of any power or function of the Entity referred to in section 4;
 - (d) any fee payable in terms of this Act; and
 - (e) in general, any matter in respect of which it is necessary or expedient to make regulations in order to achieve the objects of this Act, but any regulation with financial implications may only be made with the concurrence of the Member of the Executive Council responsible for finance.
- (2) Before making regulations in terms of subsection (1), the responsible Member must publish the draft regulations for public comment in the *Provincial Gazette*.

Offences and penalties

29. Any person who contravenes any provision of this Act is guilty of an offence and on conviction liable to a fine or imprisonment for a period not exceeding two years or to both such fine and imprisonment.

Transitional and founding arrangements

30. (1) With effect from the date on which this Act comes into operation, subject to the approval of the members of the Company first being obtained, the staff, assets, liabilities and records of the Company are transferred from the Company to the Entity and the Entity becomes the successor-in-law of the Company.
- (2) The transfer of staff must take place in accordance with the Labour Relations Act, 1995 (Act No. 66 of 1995).
- (3) The responsible Member may, for a period not exceeding 12 months after the coming into operation of this Act, second any officer on the establishment of the Department to the Entity to be of assistance in founding the Entity.

Repeal of law

31. The Northern Cape Tourism Act, 1998 (Act No. 5 of 1998), is hereby repealed.

Short title and commencement

32. This Act is called the Northern Cape Tourism Entity Act, 2008, and comes into operation on a date fixed by the Premier by proclamation in the *Provincial Gazette*.

WET OP DIE NOORD-KAAPSE TOERISME-ENTITEIT, 2008**WET**

Om voorsiening te maak vir die instelling van 'n toerismebemarkings- en bevorderingsentiteit vir die Provinsie Noord-Kaap en vir die bestuur daarvan deur 'n Raad; om voorsiening te maak vir die werking, finansiële beheer en verslagdoening oor die werksaamhede van die Entiteit; om voorsiening te maak vir die oprigting van die Entiteit; om voorsiening te maak vir 'n raadgewende en provinsiale toerisforum; om die "Northern Cape Tourism Act, 1998" (Wet No. 5 van 1998) te herroep; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

AANHEF

AANGESIEN daar in die Provinsie Noord-Kaap 'n behoefte bestaan vir die volgehoue benutting van toerismebemarkings- en -bevorderingsgeleenthede;

EN AANGESIEN die instelling van 'n statutêre toerismebemarkings- en -bevorderingsentiteit vir die Provinsie Noord-Kaap 'n antwoord is op die uitdaging om die Provinsie verder as 'n voorkeurtoerismebestemming te bemark en te bevorder;

DAAROM WORD DAAR deur die Provinsiale Wetgewer van die Provinsie Noord-Kaap soos volg bepaal:-

INDELING VAN ARTIKELS**HOOFSTUK I****UITLEG****Artikel**

1. Uitleg

HOOFSTUK II**INSTELLING VAN DIE ENTITEIT EN DIE RAAD**

2. Instelling van die Entiteit
3. Oogmerke van die Entiteit
4. Bevoegdhede en werksaamhede van die Raad
5. Instelling van die Raad
6. Samestelling van die Raad
7. Ampstermyn van lede van die Raad
8. Geskiktheid om in die Raad te dien
9. Botsende belange
10. Verwydering uit die amp
11. Vergaderings van die Raad
12. Vergoeding van lede van die Raad
13. Sekere lenings verbode
14. Delegasie
15. Komitees van Raad

HOOFSTUK III TOERISME FORUMS

16. Raadgewende Toerismeforum
17. Provinsiale Toerismeforum
18. Implementering van aanbevelings van die provinsiale toerismeforum

HOOFSTUK IV PERSONEEL VAN DIE ENTITEIT

19. Personeel van die Entiteit en vergoeding
20. Hoof uitvoerende beampte
21. Verwydering van hoof uitvoerende beampte uit die amp
22. Indiensnemingskontrak en prestasie-ooreenkoms van hoof uitvoerende beampte

HOOFSTUK V FINANSIËLE AANGELEENTHEDE

23. Finansies
24. Rekenpligtigheid, oudits en verslae
25. Bewilliging van inkomste en eiendom
26. Verkrygingsadministrasie

HOOFSTUK VI ALGEMENE AANGELEENTHEDE

27. Verbod op gebruik van naam en handelsmerk van die Entiteit
28. Regulasies
29. Misdrywe en strawwe
30. Oorgangs- en oprigtingsmaatreëls
31. Herroeping van wet
32. Kort titel en inwerkingtreding

HOOFSTUK I UITLEG

Uitleg

1. (1) In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

“**boekjaar**” die periode wat op die eerste dag van April in enige jaar begin tot op die een-en-dertigste dag van Maart in die daaropvolgende jaar, met inbegrip van albei dae;

“**Departement**” die Departement verantwoordelik vir toerisme in die Provinsie;

“**die Maatskappy**” die Noord-Kaapse Toerisme-owerheid, ‘n genootskap ingelyf ingevolge artikel 21 van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), met die registrasienuommer 1997/16953/08;

“**distriksmunisipaliteit**” ‘n kategorie-C munisipaliteit in artikel 155(1)(c) van die Grondwet beoog;

“**Entiteit**” die entiteit kragtens artikel 2 ingestel;

“**familielid**” iemand se –

- (a) gade; of
- (b) kind, ouer, broer of suster, hetsy van geboorte, deur huwelik of by aanneming;

“**gade**” iemand se –

- (a) genoot in ‘n huwelik of siviele verbintenis;
- (b) genoot in ‘n gewoonteregtelike verbintenis volgens inheemse reg; of
- (c) genoot in ‘n verhouding waarin die partye op ‘n wyse soortgelyk aan ‘n huweliksgenootskap of gewoonteregtelike verbintenis saamleef;

“**Grondwet**” die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

“**hierdie Wet**” ook enige regulasie ingevolge hierdie Wet gemaak;

“**hoof uitvoerende beampte**” die hoof uitvoerende beampte kragtens artikel 19 aangestel;

“**komitee**” ‘n komitee van die Raad kragtens artikel 15 ingestel;

“**munisipaliteit**” enige munisipaliteit in die Provinsie kragtens die Strukturewet ingestel;

“**politieke ampsbekleër**” –

- (a) ‘n lid van die Nasionale Vergadering of die Nasionale Raad van Provinsies of die Kabinet;
- (b) ‘n lid van ‘n provinsiale wetgewer;
- (c) ‘n diplomatieke verteenwoordiger van die Republiek wat nie ‘n lid van die staatsdiens is nie;
- (d) ‘n lid van ‘n huis of raad van tradisionele leiers;
- (e) ‘n lid van ‘n munisipale raad; of
- (f) ‘n nasionale of provinsiale ampsbekleër van ‘n politieke party;

“**Premier**” die Premier van die Provinsie in artikel 125 van die Grondwet genoem;

“**produkteenaar**” iemand wat regstreeks betrokke is by, belê in en voordeel trek uit toerisme as ‘n besigheid;

“**Provinsiale Koerant**” die *Provinsiale Koerant* van die Provinsie;

“**Provinsiale Wetgewer**” die Provinsiale Wetgewer van die Provinsie in artikel 104 van die Grondwet genoem;

“**Provinsie**” die Provinsie Noord-Kaap in artikel 103(1)(g) van die Grondwet genoem, of enige gedeelte daarvan;

“**Raad**” die Raad van die Entiteit kragtens artikel 5 ingestel;

“**Republiek**” die Republiek van Suid-Afrika in artikel 1 van die Grondwet genoem;

“**staatsorgaan**” ‘n staatsorgaan soos in artikel 239 van die Grondwet omskryf;

“**Strukturewet**” die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

“**Uitvoerende Raad**” die Uitvoerende Raad van die Provinsie in artikel 132 van die Grondwet genoem;

“**verantwoordelike Lid**” die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir die portefeulje van toerisme in die Provinsie; en

“**voorsitter**” iemand kragtens artikel 6 as voorsitter of waarnemende voorsitter aangestel;

- (2) Waar ‘n ampsbekleër in hierdie Wet ‘n besluit in oorleg met ‘n ander ampsbekleër moet neem, vereis die besluit die instemming van die ander ampsbekleër.

HOOFSTUK II INSTELLING VAN DIE ENTITEIT EN DIE RAAD

Instelling van die Entiteit

2. (1) ‘n Toerisme-entiteit vir die Provinsie Noord-Kaap word hierby ingestel as ‘n regs persoon.
- (2) Die Premier moet, by proklamasie in die *Provinsiale Koerant*, vóór inwerkingtreding van hierdie Wet –
- (a) ‘n naam aan die Entiteit gee; en
- (b) ‘n handelsmerk vir die Entiteit verklaar.

Oogmerke van die Entiteit

3. (1) Sonder om inbreuk te maak op die regte van munisipaliteite met betrekking tot plaaslike toerisme, bemark en bevorder die Entiteit die Provinsie as ‘n toeristebestemming en streef daarom na die volgende oogmerke:
- (a) die bestuur, beplanning en leiding van die bemarkingsaktiwiteite van alle sektore van die Provinsie se toerisme-industrie, naamlik vergaderings, aansporings, kongresse, tentoonstellings, bemarking

- van geleenthede en ontspanning, en besoekers- en ondersteuningsdienste;
- (b) fasilitering van die ontwikkeling van nuwe toerismeprodukte en -bestemmings oral in die Provinsie;
 - (c) samewerking met ander liggame betrokke by die bemarking van handel en belegging in die Provinsie;
 - (d) voorsiening van 'n medium wat samewerking, deelname, besluitneming en bevonding tussen die openbare en privaat sektor fasiliteer, binne die konteks van die bemarking van die Provinsie as 'n toerismebestemming.
 - (e) inskakeling van bemarkingsaktiwiteite in alle sektore van toerisme in die Provinsie, in samewerking met bestaande entiteite;
 - (f) fasilitering van die strewe na transformasie- en bemagtigingsdoelwitte in alle sektore van die Provinsie se toerisme-industrie;
 - (g) bevordering van verhoudinge en aangaan van ooreenkomste met alle soorte organisasies, openbaar sowel as privaat, met die doel om die doelstellings van die Entiteit te bevorder; en
 - (h) bevordering van noue samewerking tussen die openbare en privaat sektore in die strewe na toerismegroei tot voordeel van al die mense van die Provinsie.
- (2) In die verwesenliking van sy oogmerke streef die Entiteit daarna om sy eie inkomsteskepping en -invordering voordurend te verhoog.

Bevoegdheids- en werksaamhede van die Raad

4. (1) Om die doelstellings van die Entiteit te verwesenlik, kan die Raad –
- (a) in oorleg met die verantwoordelike Lid en die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies, vaste eiendom huur, aankoop of andersins verkry, verhuur, verkoop, ruil of vervreem, onder verband bring, met 'n serwituut beswaar, of enige saaklike reg daarin oordra;
 - (b) roerende eiendom huur, aankoop of verkry, uithuur, verkoop, ruil of vervreem, verpand, of enige ander saaklike reg daarin oordra;
 - (c) onderhandel of, in oorleg met die verantwoordelike Lid, saamwerk met enige regering, provinsiale adminstrasie of plaaslike regering, of enige ander raad of persoon in die Republiek of elders ten opsigte van enige aangeleentheid wat regstreeks of onregstreeks gerig is op die verwesenliking van die doelstellings van die Raad;
 - (d) in oorleg met die verantwoordelike Lid, ooreenkomste aangaan

met 'n soortgelyke liggaam in die Republiek of elders vir die bevordering van toerisme in die onderskeie gebiede waarvoor die Entiteit en daardie liggaam ingestel is, en die Raad of 'n lid of lede van die Raad kan vir dié doel reise in en buite die Republiek onderneem;

- (e) in oorleg met die verantwoordelike Lid, kantore open en administreer wat nodig of wenslik mag wees vir die doeltreffende en behoorlike uitoefening van sy bevoegdhede, die verrigting van sy werksaamhede en die uitvoering van sy pligte;
- (f) versekeringsdekking verkry –
 - (i) teen enige verlies, skade, risiko of aanspreeklikheid wat hy mag ly of op die hals haal; en
 - (ii) vir die lede van die Raad en komitees en werknemers ten opsigte van liggaamlike besering, verminking of dood wat uitsluitlik en regstreeks spruit uit 'n ongeluk wat gebeur ten tyde van die uitvoering van hul pligte as sodanige lede of werknemers;
- (g) by 'n geregistreerde bank in die Republiek 'n rekening in die naam van die Entiteit open en onderhou;
- (h) boeke, gidse, kaarte, publikasies, foto's, films, videos en soortgelyke stof wat bedoel is om persone in die Republiek of elders oor toeriste-aantreklikhede en -dienste in die Provinsie in te lig, opstel, maak, publiseer en verkoop of gratis beskikbaar stel;
- (i) inligting met betrekking tot toerisme in die Provinsie inwin, evalueer en verwerk en sodanige inligting beskikbaar stel aan persone wat in die toerisme-industrie betrokke is;
- (j) bemarkingsadvies en -voorligting gee aan persone wat in die toerisme-industrie in die Provinsie betrokke is;
- (k) met die oog op die doeltreffende bemarking van, en die verskaffing van inligting oor, enige diens, fasiliteit of produk wat met betrekking tot toerisme aangebied word, die gebruik van kenmerkende tekens en bewoording wat die Raad geskik mag ag, bepaal, publiseer en reguleer;
- (l) in oorleg met die verantwoordelike Lid en die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies, enige pensioen-, voorsorg- of siekefonds tot voordeel van die Entiteit se werknemers instel, bestuur en administreer of sodanige fondse deur 'n ander persoon of liggaam laat administreer;
- (m) onderhandel of saamwerk met enige opvoedkundige instansie aangaande die instelling, voortsetting of uitbreiding van kursusse vir die opleiding van persone vir loopbane in die toerisme-industrie;

- (n) die gebruik van handelsname deur die Entiteit vir bepaalde toerismebemarkingsprojekte goedkeur; en
 - (o) enige ander werksaamhede verrig wat kan bydra tot die verwesenliking van die doelstellings van die Entiteit.
- (2) Ten einde die doelstellings van die Entiteit te verwesenlik, moet die Raad –
- (a) met die Departement en munisipaliteite saamwerk om die toerisme-ontwikkeling- en -bemarkingstrategieë van die Provinsie en munisipaliteite te implementeer;
 - (b) transformasiedoelstellings by die bedryfsaktiwiteite van die Entiteit inskakel;
 - (c) met ander nasionale en provinsiale openbare entiteite, in die besonder dié wat met toerisme, handels- en beleggingsbevordering belas is, saamwerk; en
 - (d) met sektor-spesifieke liggame wat tot die groei van die toerisme-industrie in die Provinsie bydra, saamwerk.
- (3) Die Raad oefen sy bevoegdhede uit en verrig sy werksaamhede met behoorlike inagneming van artikel 104, gelees met artikel 125 van die Grondwet, artikel 230 van die Grondwet, die Wet op Leenbevoegdhede van Provinsiale Regerings, 1996 (Wet No. 48 van 1996), die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), en die bepalinge van alle nasionale wetgewing en alle nasionale beleide, riglyne en voorskrifte wat betrekking het op toerisme, handel, nywerheid, sektorontwikkeling en belegging, met spesifieke verwysing na beleide, riglyne en voorskrifte wat betrekking het op die transformasie van die toerisme- en sakesektore.
- (4) Die Raad oefen sy bevoegdhede uit en verrig sy werksaamhede wat finansiële en personeelaangeleenthede betref deur –
- (a) die ontwikkeling en implementering van alle beleide en programme van die Entiteit wat betrekking het op finansiële en personeelaangeleenthede, binne ses maande ná die inwerkingtreding van hierdie Wet, en latere wysiging van sodanige beleide en programme soos en wanneer nodig;
 - (b) te sorg dat die Entiteit gesonde finansiële bestuur, doeltreffende en billike menslike hulpbron-ontwikkeling en doeltreffende kantooradministrasie op 'n verantwoordelike, verantwoordbare en deursigtige wyse navolg; en
 - (c) enige werknemer van die Entiteit met behoorlike inagneming van die bepalinge van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995), in diens te neem, te dissiplineer, te skors of af te dank.

Instelling van die Raad

5. 'n Raad vir die Entiteit word hiermee ingestel –
- (a) om die sake van die Entiteit te bestuur en te beheer;
 - (b) as rekenpligtige gesag vir die Entiteit soos bedoel in artikel 49(2)(a) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999); en
 - (c) om die bevoegdhede uit te oefen en die werksaamhede te verrig wat deur hierdie Wet of enige ander wet aan die Entiteit toegeken of opgedra word.

Samestelling van die Raad

6. (1) Die Raad bestaan uit 7 lede wat geregtig is om by vergaderings van die Raad te stem, aangestel deur die verantwoordelike Lid op grond van hul bewese vernuf, kennis of ondervinding van toerisme, of met verwante professionele vaardighede, met inagneming van –
- (a) vroue;
 - (b) gestremdes;
 - (c) jongmense;
 - (d) persone uit die onderskeie streke van die Provinsie; en
 - (e) persone met 'n arbeids-agtergrond.
- (2) Die hoof uitvoerende beampte en die Departementshoof, of 'n beampte deur die Departementshoof aangewys, kan teenwoordig wees en deelneem aan besprekings by vergaderings van die Raad, maar is nie lede van die Raad nie en kan nie by vergaderings stem nie.
- (3) 'n Lid in subartikel (1) bedoel, word aangestel slegs nadat die verantwoordelike Lid by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* en in minstens twee koerante wat in die Provinsie in omloop is, belanghebbendes genooi het om persone te nomineer wat geskik is vir aanstelling as lede van die Raad.
- (4) Lede kragtens subartikel (1) aangestel, is nie-uitvoerende lede van die Raad.
- (5) Die verantwoordelike Lid stel 'n lid van die Raad as voorsitter en 'n ander lid as ondervoorsitter aan.
- (6) Die voorsitter lei al die vergaderings van die Raad en die ondervoorsitter lei vergaderings in die afwesigheid van die voorsitter.
- (7) Vóór aanstelling as lid van die Raad lê die kandidaat 'n beëdigde verklaring aan die verantwoordelike Lid voor, waarin die kandidaat verklaar dat hy of sy –
- (a) beskikbaar is vir die aanstelling; en

- (b) nie kragtens hierdie Wet ongeskik is vir sodanige aanstelling nie.
- (8) Die verantwoordelike Lid kan te eniger tyd daarop aandrang dat bevredigende bewys aan hom of haar gelewer word van die volgehoue geskiktheid van enige lid of voornemende lid van die Raad, of om enige ondersoek of navrae in dié verband te onderneem of te laat onderneem.

Ampstermyn van lede van die Raad

7. (1) Die verantwoordelike Lid stel die lede van die Raad vir 'n tydperk van 5 jaar aan.
- (2) 'n Lid kan heraangestel word ná voltooiing van sy of haar aanvanklike termyn, maar nie vir 'n tydperk van meer as 10 jaar altesaam nie.

Geskiktheid om in die Raad te dien

8. (1) Om geskik te wees om as lid van die Raad te dien en om in daardie amp voort te gaan, moet so iemand –
- (a) 'n geskikte en gepaste persoon wees;
 - (b) nie onderworpe wees aan 'n diskwalifisering in subartikel (2) uiteengesit nie;
 - (c) die beëdigde verklaring in artikel 6(7) genoem by die verantwoordelike Lid indien; en
 - (d) 'n burger van die Republiek wees en gewoonlik in die Provinsie woon.
- (2) Niemand dien as lid van die Raad as hy of sy –
- (a) 'n politieke ampsbekleër is nie;
 - (b) 'n ongerehabiliteerde insolvent is, of insolvent word en die insolvensie tot die sekwestrasie van sy of haar boedel lei nie;
 - (c) ooit op grond van wangedrag uit 'n vertrouensamp ontslaan is, of ontslaan word nie;
 - (d) aan 'n bevel van 'n hof met regsbevoegdheid wat hom of haar geestelik versteurd bevind het, onderworpe is nie;
 - (e) binne die voorafgaande 10 jaar in die Republiek of elders aan diefstal, bedrog, vervalsing of uitgee van 'n vervalste stuk, meened, 'n misdryf ingevolge die Wet op Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), 'n misdryf ingevolge Hoofstuk 2 of 3 van die Voorkoming van Georganiseerde Misdadwet, 1998 (Wet No. 121 van 1998), 'n misdryf ingevolge die Finansiële Intelligensiesentrumwet, 2001 (Wet No. 38 van 2001), of 'n misdryf wat oneerlikheid behels, skuldig bevind is, of skuldig bevind word nie;

- (f) aan enige ander misdryf begaan ná die inwerkingtreding van die Grondwet van Suid-Afrika, 1993 (Wet No. 200 van 1993), skuldig bevind is en tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnissen is; of
- (g) jonger as 18 jaar is nie.

Botsende belange

9. (1) 'n Lid van die Raad –
- (a) doen nie mee aan enige aktiwiteit wat die integriteit van die Raad kan ondermyn nie;
 - (b) woon nie die verrigtinge van 'n vergadering by, neem nie daaraan deel of oefen nie 'n invloed daarop uit nie as die betrokke lid ten opsigte van die aangeleentheid wat voor die Raad dien, 'n belang het wat hom of haar verhinder om die pligte van 'n lid van die Raad op 'n regverdige, onbevooroordeelde en behoorlike wyse na te kom;
 - (c) stem nie by enige vergadering van die Raad oor 'n aangeleentheid bedoel in paragraaf (b) nie;
 - (d) maak nie privaat gebruik van of trek nie voordeel uit enige vertroulike inligting verkry in die nakoming van sy of haar pligte as 'n lid van die Raad nie; of
 - (e) maak nie enige inligting in paragraaf (d) genoem aan enige derde party bekend nie, tensy dit as deel van sy of haar amptelike werksaamhede as lid van die Raad vereis word.
- (2) Indien dit te eniger tyd vir 'n lid van die Raad lyk of 'n aangeleentheid wat voor die Raad dien, betrekking het op 'n belang van daardie lid in subartikel (1)(b) genoem –
- (a) onthul die aard van daardie belang onmiddellik en volledig aan die vergadering; en
 - (b) onttrek die lid van die vergadering, sodat die oorblywende lede die aangeleentheid kan bespreek en bepaal of die lid verbied behoort te word om aan enige verdere verrigtinge aangaande die aangeleentheid deel te neem.

Verwydering uit die amp

10. (1) Die verantwoordelike Lid kan, by skriftelike kennisgewing, 'n lid van die Raad uit die amp verwyder –
- (a) op grond van wangedrag of onbekwaamheid;
 - (b) as die lid onderworpe raak aan 'n diskwalifisering in artikel 8(2) bedoel;

- (c) indien die lid in een jaar sonder geldige rede van meer as twee vergaderings van die Raad afwesig is of, in die geval van afwesigheid om mediese redes, versuim om 'n geldige mediese sertifikaat te toon.
- (2) 'n Besluit om 'n lid van die Raad op grond van wangedrag of onbekwaamheid te verwyder, word gegrond op 'n bevinding te dien effekte deur 'n ondersoektribunaal wat deur die verantwoordelike Lid aangestel is.
- (3) 'n Kennisgewing in subartikel (1) bedoel, gee die redes vir die verwydering van die lid aan.
- (4) Die verantwoordelike Lid kan te eniger tyd die Raad ontbind as hy of sy op redelike gronde oortuig is dat die Raad nie behoorlik funksioneer nie of dat dit in die belang van die publiek sal wees om dit te ontbind.

Vergaderings van die Raad

11. (1) Die voorsitter bepaal die datum, tyd en plek vir die eerste vergadering van die Raad en bepaal in oorleg met die Raad die datum, tyd en plek vir elke daaropvolgende vergadering.
- (2) Die voorsitter bepaal, in oorleg met die Raad, prosedures by vergaderings van die Raad, met behoorlike inagneming van die beginsels van openlikheid en deursigtigheid.
- (3) 'n Meerderheid van die lede van die Raad bedoel in artikel 6(1) vorm 'n kworum vir 'n vergadering van die Raad.
- (4) Die Raad moet probeer om sy besluite deur middel van konsensus te neem.
- (5) As die Raad nie konsensus kan bereik oor enige aangeleentheid wat voor hom dien nie, kan hy die aangeleentheid deur 'n gewone meerderheidstem op 'n mosie beslis.
- (6) In die geval van 'n staking van stemme rakende enige aangeleentheid waarvoor gestem word, het die voorsitter 'n beslissende stem bykomend tot sy of haar gewone stem.
- (7) Die Raad kan behoudens subartikels (4), (5) en (6) reëls vir sy eie verrigtinge maak.
- (8) Die hoof uitvoerende beamppte hou notule of laat notule van die vergaderings van die Raad hou.
- (9) Notules van die verrigtinge van die vergaderings van die Raad word by die kantore van die Raad gehou en is toeganklik vir die publiek.
- (10) Niemand wat toegang het tot inligting wat die Raad as vertroulik klassifiseer, mag die inligting sonder toestemming van die Raad openbaar

maak nie.

- (11) Indien 'n bepaalde persoon in staat is om die Raad by die oorweging van 'n bepaalde aangeleentheid behulpsaam te wees, kan die Raad die persoon vir die doel koöpteer.
- (12) Sodanige gekoöpteerde persoon het nie die reg om by 'n vergadering van die Raad of 'n komitee van die Raad te stem nie.
- (13) Die Raad vergader ten minste een keer elke 3 maaande om onder andere die verslag in artikel 24(3) genoem, te oorweeg.
- (14) Die verantwoordelike Lid kan 'n vergadering van die Raad belê as die Raad versuim om aan artikel (13) te voldoen.
- (15) Die voorsitter belê 'n buitengewone vergadering van die Raad as die hoof uitvoerende beampte daarvoor vra.
- (16) Wanneer 'n aangeleentheid wat voor die Raad moet dien uiteraard die onmiddellike en dringende aandag van die Raad verg en dit nie vir die Raad moontlik is om te vergader om daaraan aandag te gee nie, word alle tersaaklike dokumentasie met betrekking tot sodanige aangeleentheid sonder verwyl deur die hoof uitvoerende beampte aan alle lede vir oorweging beskikbaar gestel.
- (17) Behoudens subartikel (18) is 'n aangeleentheid genoem in subartikel (16), waarop skriftelik deur 'n gewone meerderheid van die Raadslede ooreengekom word, 'n besluit van die Raad.
- (18) 'n Besluit in subartikel (17) bedoel, word deur die hoof uitvoerende beampte aan die Raad oorgedra by die Raad se volgende vergadering en as sulks in die notule van daardie vergadering aangeteken.

Vergoeding van lede van die Raad

12. (1) 'n Lid van die Raad word sodanige redelike vergoeding en toelaes uit die fondse van die Raad betaal soos wat die verantwoordelike Lid, in oorleg met die Lid van die Uitvoerende Raad belas met finansies in die Provinsie, van tyd tot tyd mag bepaal.
- (2) 'n Lid van die Raad wat voltyds in diens van 'n staatsorgaan is, ontvang nie kragtens subartikel (1) vergoeding nie.
- (3) Vergoeding kragtens subartikel (1) bepaal, word deur die verantwoordelike Lid in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer voordat dit in werking tree.
- (4) Lede van die Raad is geregtig op vergoeding vir enige redelike reis- en verblyfuitgawes wat hulle in die verrigting van hul werksaamhede as lede van die Raad aangaan.

Sekere lenings verbode

13. Geen lening word aan 'n lid van die Raad of 'n lid van die personeel van die Entiteit of aan 'n familielid van sodanige lid van die Raad of lid van die personeel van die Entiteit uit die fondse van die Entiteit of uit enige ander fondse wat deur die Entiteit geadministreer of in trust gehou word, gemaak nie.

Delegasie

14. (1) Behoudens subartikels (2), (3) en (4) kan die Raad enige van die bevoegdhede, werksaamhede of pligte van die Entiteit kragtens hierdie Wet skriftelik aan die hoof uitvoerende beampte of 'n komitee van die Raad delegeer.
- (2) Die hoof uitvoerende beampte kan met die skriftelike toestemming van die Raad enige bevoegdheid, werksaamheid of plig wat kragtens subartikel (1) aan hom of haar gedelegeer is, subdelegeer aan enige lid van die personeel van die Entiteit.
- (3) 'n Delegasie of subdelegasie, na gelang van die geval, kan onderskeidelik deur die Raad of die hoof uitvoerende beampte, met instemming van die Raad, teruggetrek word.
- (4) Die Entiteit kan nie enige bevoegdheid wat hy moet uitoefen, 'n werksaamheid wat hy moet verrig of plig wat hy moet uitvoer –
- (a) kragtens enige ander wet;
 - (b) in of ná oorleg met die verantwoordelike Lid; of
 - (c) met die goedkeuring of toestemming van die verantwoordelike Lid,
- delegeer nie.

Komitees van die Raad

15. (1) Die Raad kan komitees instel, met die bevoegdheid om ander persone te koöpteer, om hom by te staan met die behoorlike en korrekte uitoefening en verrigting van sy bevoegdhede en werksaamhede kragtens hierdie Wet en kan ook enige komitee wat op hierdie wyse ingestel is, ontbind, uitbrei, vergroot of beperk.
- (2) (a) 'n Komitee wat ingevolge subartikel (1) ingestel is, bestaan uit minstens drie lede aangewys deur die Raad as geskik en behoorlik gekwalifiseer of ervare aangaande aangeleenthede wat op die werksaamhede van die betrokke komitee betrekking het.
- (b) Die Raad benoem 'n Raadslid wat in 'n komitee dien as die voorsitter van sodanige komitee.
- (3) 'n Gekoöpteerde lid van 'n komitee dien in 'n raadgewende hoedanigheid en kan nie by enige vergadering van sodanige komitee stem nie.

HOOFSTUK III

Raadgewende Toerismeforum

16. (1) 'n Raadgewende forum word hiermee ingestel om aangeleenthede wat op toerismegroei in die Provinsie betrekking het, te oorweeg en om aanbevelings oor enige sodanige aangeleentheid aan die verantwoordelike Lid te maak.
- (2) Die raadgewende toerismeforum vergader minstens een keer elke 6 maande onder voorsitterskap van die verantwoordelike Lid en bestaan uit –
- (a) al die lede van die Ekonomiese Groep van die Uitvoerende Raad van die Provinsie; en
- (b) die uitvoerende burgemeesters van die 5 streeksmunisipaliteite van die Provinsie, of hul benoemdes.

Provinsiale Toerismeforum

- 17 (1) 'n Provinsiale toerismeforum word hiermee ingestel om aanbevelings aan die Entiteit te maak wat betrekking het op toerisme op 'n streeks- of plaaslike vlak.
- (2) Die provinsiale toerismeforum bestaan uit –
- (a) die hoof uitvoerende beampte, wat die voorsitter van die provinsiale toerismeforum is; en
- (b) een persoon genomineer deur elkeen van die distrikstoerismeverenigings in subartikel (3) bedoel.
- (3) Ten einde deel te neem aan die aktiwiteite van die provinsiale toerismeforum, moet die munisipale bestuurder van elke distriksmunisipaliteit in die Provinsie –
- (a) 'n distrikstoerismevereniging instel, wat bestaan uit –
- (i) 'n verteenwoordiger van elke plaaslike munisipaliteit;
- (ii) produkeienaars; en
- (iii) ander insethouers,
- binne die regsgebied van die distriksmunisipaliteit;
- (b) gereelde vergaderings van die vereniging byeenroep en as voorsitter by die vergaderings optree;
- (c) die hoof uitvoerende beampte van 'n afskrif van die grondwet van die vereniging voorsien.

- (4) Die provinsiale toerismeforum vergader minstens een keer elke 3 maande op 'n plek en tyd wat deur die hoof uitvoerende beampte bepaal word, om oorweging te skenk aan en aanbevelings aan die Entiteit te maak aangaande aangeleenthede wat betrekking het op toerisme op 'n streeks- of plaaslike vlak.
- (5) Alle aangeleenthede in verband met vergaderings en die werking van die provinsiale toerismeforum in subartikel (1) bedoel, word behartig deur die hoof uitvoerende beampte of 'n lid van die personeel van die Entiteit aangewys deur die hoof uitvoerende beampte.
- (6) Die bepalings van artikels 7, 8, 9, 10 en 11, gelees in samehang met die veranderings vereis deur die konteks, is van toepassing op lede van die provinsiale toerismeforum in subartikel (1) bedoel.

Implementering van aanbevelings van die provinsiale toerismeforum

18. (1) Aanbevelings van die provinsiale toerismeforum word op die agenda van die daaropvolgende vergadering van die Raad geplaas, vir oorweging en besluitneming.
- (2) Aanbevelings wat die Raad aanvaar, word sonder verwyl deur die Entiteit geïmplementeer, terwyl aanbevelings wat die Raad verwerp saam met die redes vir sodanige verwerping deur die hoof uitvoerende beampte aan die verantwoordelike Lid gerapporteer word.
- (3) Die verantwoordelike Lid oorweeg die aangeleentheid en –
 - (a) kan die Entiteit gelas om die aanbeveling van die provinsiale toerismeforum met of sonder wysigings te implementeer; of
 - (b) bevestig die Raad se afkeuring van die aanbeveling van die provinsiale toerismeforum.

HOOFSTUK IV PERSONEEL VAN DIE ENTITEIT

Personeel van Entiteit en vergoeding

19. (1) Die Raad –
 - (a) stel behoudens artikels 20, 21 en 22 'n paslik gekwalifiseerde, belese en ervare persoon as hoof uitvoerende beampte aan, wat –
 - (i) behoudens die voorskrifte en beheer van die Raad, vir alle finansiële en administratiewe verantwoordelikhede wat op die werksaamhede van die Entiteit betrekking het, verantwoordelik is; en
 - (ii) aan die Raad verantwoording doen;
 - (b) bepaal 'n personeeldiensstaat vir die Entiteit; en